

17 Desember

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:1-11

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:6b-7a

Julle geloof verryk met ... godsvrug

Twintig eeue gelede was dit nie maklik om 'n Christen te wees nie. Dit is vandag nog steeds nie maklik nie. Eintlik is dit nooit maklik om 'n Christen te wees nie!

Een ding wat ons egter moet weet, is dat God ons voldoende toegerus het om die eise van die lewe te kan hanteer. Sy Goddelike krag, sê Petrus in vers 3, het ons alles gegee wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien en waardeur ons, volgens vers 4, die verderf kan ontvlug en aan die Goddelike natuur deel kan kry. God roep immers op so 'n manier dat dit tegelyk lewe in 'n mens wek. Daarom sê hy ook in sy eerste brief dat ons uit onverganklike saad *wedergebore* is, naamlik die evangelie wat aan ons verkondig is (1 Pet. 1:23, 25).

Omdat God so ryk en daadwerklik *gee* wanneer Hy jou *roep*, volg dit noodwendig dat ons ook moet *woeker* en alles in die stryd moet werp om ons geloof te *verryk* – sy gawes, wat die werk van die Heilige Gees insluit, *sit ons aan die werk!* Só gee God wat Hy beloof het en gaan jy geestelik vooruit. Volgens vers 8 is dit die manier waarop ons met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. Wie dit nié doen nie, gaan uiteindelik só geestelik agteruit dat hy vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. Dan voel dit ook nie meer of die Bybel met jou praat nie, net soos wat 'n dooie ook nie meer kan hoor as jy met hom praat nie!

Van die sewe aktiwiteite waarmee ons ons geloof moet verryk, is *godsvrug* die vyfde aktiwiteit. Godsvrug is om aan God toegewyd te lewe en jou in alles deur sy wil en sy Gees te laat lei. Om in *toewyding aan God* te lewe, skryf Paulus aan Timoteus, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe vir nou en die toekoms. Psalm 147:4 (berymd) lui: “Maar hul alleen kan Hom behaag wat needrig na sy sterkte vraag, en, hoe dit ook mag teëloop, Hom vrees en op sy goedheid hoop.”

Sing: Psalm 86:6 (Totius)

Ds. DHP Wijnbeek (Steynsburg)